

ST. ISIDORUS VAN SEVILLA

4 APRIL

(560-636)



Hierdie baie bekende Spaanse heilige en Kerkleerarg volg in die jaar 600 St. Leander op as biskop van Sevilla. Hy word beskou as een van die mees geleerde mense van sy tyd en hy was 'n besonder begaafde opvoeder wat van die Kerk ook 'n instelling van geleerdheid gemaak het. Hy roep 'n paar belangrike sinodes byeen en hy stig talle skole waar ook geneeskunde en die reg bestudeer kon word. Hy skryf etlike belangrike boeke oor die teologie, sterrekunde en aardrykskunde en sy *“Geschiedenis van die Gote”* en die *“Boek van Etimologieë”* sou honderde jare lank die standaardwerke op hul gebied wees. Dit was hy wat die Mosarabiese Missaal en Brevier saamgestel het, wat vandag nog in Toledo gebruik word. Daar word vertel dat sy biskoplike paleis altyd vol bedelaars en haweloses was wat daar voedsel en 'n heenkome by hom gevind het.